# Newsletter

*in this issue >>>*

***Development***
*Maintenance*
*Improvements*
***Security***
***General news***

# Nuusbrief

*<<< in hierdie uitgawe*

***Ontwikkeling***
*Instandhouding*
*Verbeterings*
***Sekuriteit***
***Algemene nuus***


**Augustus 2025 August**

## Welcome to all the new Residents!

## Welkom aan al die nuwe Inwoners!

## Development / Ontwikkeling




Please make sure that you observe the sorting protocol for the rubbish collection.




Maak asseblief seker dat u die sorteer protokol vir die vullisverwydering nakom.







## General / Algemeen

'n Hele paar huise se planne is in die proses om goedgekeur te word en daar sal dus weer heelwat bou aktiwiteit in Blue Ridge wees oor die volgende klompie maande. Die bou-komitee is voortdurend besig om seker te maak dat die bouers by die reëls hou. Ons is egter ook bewus van die spasie wat nou baie beperk word a.g.v. die baie huise wat klaar gebou is en dit maak dit dikwels baie moeilik vir kontrakteurs om voertuie heeltemal uit die pad te hou soos die bou reëls verlang. Die Trustees wil nie onnodig onredelik wees en dit onmoontlik maak vir die kontrakteurs om die projek so gou moontlik te voltooi nie, en sal dit toelaat waar daar werklik nie 'n alternatief is nie. Ons vra inwoners se geduld, maar waar u voel dat dit baie inbreuk maak op u beweging kan Status Mark ingelig word en die bou-komitee sal kyk wat hulle kan doen. Dit is egter ook belangrik dat, soos ook deur die reëls verlang, inwoners nie boupersele betree sonder die uitdruklike toestemming van die eienaar en/of die boukontrakteur nie. Wat op die bouperseel gebeur is tussen die eienaar en die kontrakteur. Die HEV is hoofsaaklik besorg oor hoe die perseel van buite lyk wat netheid aanbetref – dit is hoekom ons die nette vereis – sowel as die beweging van werkers en werksure.

Several building plans are in the process of being approved and there will again be a lot of building activity in Blue Ridge over the next few months. The building committee is constantly working to make sure that the builders adhere to the rules. We are however also aware of the space that is now very limited due to the many houses that have been built, and this often makes it very difficult for contractors to keep vehicles completely out of the way as the building rules require. The Trustees do not want to be unnecessarily unreasonable and make it impossible for the contractors to complete the project as soon as possible and will allow it where there really is no alternative. We ask for residents' patience, but where you feel it is infringing heavily on your movement, Status Mark can be informed, and the building committee will look at what they can do. It is however also important that, as also required by the rules, residents do not enter building sites without the express permission of the owner and/or the building contractor. What happens on the construction site is between the owner and the contractor. The HOA is primarily concerned with how the premises look from the outside in terms of neatness – that's why we require the nets – as well as movement of workers and working hours.

The Trustees also decided to install larger lights in the green area that illuminate all around the pole so that the green area can also display better in the evening. The lights will be installed over the next few days. We also noticed over the holiday period that a few kids were riding their bicycles down the green area at high speed, which is firstly against the 20 km/h rule as well as being very dangerous to the kids themselves and any animals that might be nearby. We appeal to parents to please ensure that this will not happen again.

Die Trustees het ook besluit om groter ligte in die groenstrook te installeer wat reg rondom die paal verlig sodat die groenstrook ook beter in die aand kan vertoon. Die ligte sal oor die volgende paar dae geïnstalleer word. Ons het ook gedurende die vakansietydperk opgemerk dat 'n paar kinders teen hoë spoed met hul fietse in die groenstrook afry, wat eerstens teen die 20 km/h-reël is, asook baie gevaarlik is vir die kinders self en enige diere wat naby is. Ons vra ouers om asseblief seker te maak dat dit nie weer sal gebeur nie.

## Security / Sekuriteit




The project to install cctv cameras are now completed and we have full coverage of our boundary fence. Residents living next to the boundary fence must please be aware that Wi-Mation will clean the camera lenses once every month (around the end of the month) and they will have to enter the erven where camera poles are positioned. Please bear with this small invasion of your privacy, which is necessary to ensure the proper working of the cameras. The entire outside boundary of Blue Ridge is now protected by cctv cameras, which are monitored 24x7x365. It is however still the responsibility of each resident to ensure the necessary security at their individual premises.

Die projek om cctv kameras te installeer is nou 100% voltooi en ons het volle beskerming rondom ons grensdraad. Inwoners wat langs die grensdraad woon moet net bedag wees dat Wi-Mation elke maand die kameralense sal kom skoonmaak en hulle sal dus die erwe waar kamera pale geposisioneer is moet betree. Ons vra u geduld met die klein inbreuk op u privaatheid, maar dit is baie nodig om te verseker die kameras werk behoorlik. Die hele buitegrens van Blue Ridge word dus nou beskerm deur cctv kameras, wat 24x7x365 gemonitor word. Dit is egter steeds die verantwoordelikheid van elke inwoner om die nodige sekuriteit by hul individuele persele te verseker.